

INTERIM WERKGEWER REKONSILIASIE

17 September 2018 - Indiening van Interim Werkgewer Rekonsiliasies

Die Interim Werkgewer Rekonsiliasie indieningstydperk is oop vanaf 17 September tot 31 Oktober 2018. Gedurende die interim rekonsiliasie indieningstydperk, word werkgewers vereis om 'n Werkgewer Rekonsiliasieverklaring (EMP501) en 'n interim werknemerinkomstebelastingcertifikaat [IRP5/IT3(a)] in te dien vir die ses maandetydperk - 1 Maart tot 31 Augustus 2018. Die interim IRP5/IT3(a)'s moet nie aan 'n werknemer uitgereik word nie, tensy dit 'n finale sertifikaat is (waar die werknemer die diens van die werkgewer verlaat het of die werkgewer nie meer 'n werkgewer is nie, op of voor 31 Augustus 2018).

Ingestelde veranderinge sluit in:

- **Indiensnemingbelastingaansporing (ETI) wetgewende wysiging met intrede 1 Augustus 2018**
Die ouderdomsbepaling, van toepassing op werknemers wat vir indiensnemingbelastingaansporing (ETI) eise kwalifiseer, is nie van toepassing op werkgewers wat binne 'n Spesiale Ekonomiese Sone (SEZ) bedrywig is nie. Vanaf 1 Augustus 2018, kan 'n geskikte werkgewer, wat vanaf 'n vaste plek van besigheid bedryf word en binne 'n SEZ geleë is, die ETI eis vir werknemers jonger as 18 en ouer as 29jarige ouderdom, indien sodanige werknemers dienste lewer aan die geskikte werkgewer, hoofsaaklik binne sodanige SEZ. Die geldigverklaring van die maandelikse berekende ETI (kode 7004) is aangepas om voorsiening te maak vir die SEZ-voordeel.
- Aangewese SEZ'e is soos volg:
 - Koega
 - Dube Handelshawe
 - Oos-Londen
 - Maluthi-A-Phofung
 - Saldanhaabaai
 - Richardsbaai
- **Nuwe inkomste bronkodes vir artikel 10(1)(qA) 3829/3879, 3830/3880, 3831/3881 en 3832/3882**
Hierdie bronkodes is op 'n verhoging in drumpel van toepassing, vir die vrystelling van werkgewer-verskafde beurse aan leerders met gestremdhede:
 - 3829/3879 - Belasbare beurse of leerlingskappe aan 'n gestremde persoon - basiese opvoeding (LBS).
 - 3830/3880 - Nie-belasbare beurse of leerlingskappe aan 'n gestremde persoon - basiese opvoeding (uitsluitend).
 - 3831/3881 - Belasbare beurse of leerlingskappe aan 'n gestremde persoon - verdere opvoeding (LBS).
 - 3832/3882 - Nie-belasbare beurse of leerlingskappe aan 'n gestremde persoon - verdere opvoeding (uitsluitend).
- **Nuwe bronkodes 3723/3773**
Nuwe bronkode 3723/3773 - Dividende nie vrygestel ingevolge paragraaf (kk) van die voorbehoudsbepaling tot artikel 10(1)(k)(i) nie (LBS).
- **Nuwe bronkodes 3722/3772**
Nuwe bronkode 3722/3772 - Terugbetaalbare reistoelaag (LBS)
- **Paragraaf 1, paragraaf (cA) en nuwe paragraaf (cC) van die Vierde Bylaag: Omskrywing van besoldiging**
Die verduideliking van die volgende kodes is aangepas:
 - 3702/3752 - Terugbetaalbare reistoelaag (IB), waar die terugbetaalbare koers die voorgeskrewe koers, van die porsie wat nie die voorgeskrewe koers oorskry nie, oorskry, vermenigvuldig met die werklike besigheidskilometers.
 - 3703/3753 - Terugbetaalbare reistoelaag (uitsluitend), waar die terugbetalingskoers nie die voorgeskrewe koers oorskry nie.
- **Nuwe bronkode vir die oordrag van 'n uitreevoordeel**
Nuwe bronkode 3924 wat van toepassing is op die "Transfer on Retirement (PAYE)", op of na die normale aftree-ouderdom, soos omskryf in die reëls van die fonds, maar voor die aftree-datum toegevoeg is.
- **Verbeterde bestuur van die werkgewer rekonsiliasie verklarings**
Die Werkgewer Rekonsiliasieverklaring (EMP501) se versoek om vooraf-voltooiing en balanseringsproses is versterk, en 'n nuwe funksionaliteit is in werking gestel om die EMP501-rekonsiliasie te stop waar die aanspreeklikhede verander is in oorskot van 'n vooraf-bepaalde drumpel vir verifiëring per hand.

- **Ander versterkings om belastingpligtige nakoming te verbeter:**
 - Versterkings tot die Belastingcertifikaat Kansellasieverklaring (EMP601) proses op e@syFile EmployerTM
 - Inwerkingstelling van uitsonderingsprosesse om scenario's te bestuur waar huidige prosesse nie gebruik kan word nie
 - Versterkings tot die aangepaste verklaringsfunksie (Maandelikse Werkgewerverklaring - EMP201)
 - Die bedrag oorgebring vir indiensnemingbelastingaansporing sal vooraf-voltooi wees.
 - Werkgewers kan hul EMP201-data verfris, sodra nie-nakoming reggestel is, en dan hul indiensnemingbelastingaansporing (ETI) vir die maand eis.

- **Salarisrol belasting (PAYE, VOH en WVF) nakoming**

Om die heffing van boetes te vermy, maak seker dat jy jou verklaring nie later as 31 Oktober 2018 indien nie.

Let wel: Maandelikse Werkgewerverklarings (EMP201) en betalings moet teen die 7de van elke maand by SARS ingedien/betaal wees. In gevalle waar die 7de op 'n openbare vakansiedag, Saterdag of Sondag val, word die keerdatum die laaste werksdag voor die 7de. Wanneer jy betaling maak, maak seker dat die korrekte betalingverwysingsnommer (PRN) gebruik word, sodat betalings korrek geallokeer word.